

Om Darling se voorkamer te verlaat

DANIE MARAIS

@TheDanieLama

Danie Marais is 'n radio-omroeper by SmileFM, 'n digter en 'n skrywer.



Ek was al by baie kunsfeeste, maar nog nooit het 'n fees aan my gevat soos Darling se Voorkamerfest vroeër vandeemaand nie.

By daardie pioniersprojek in die dorp van Evita se Perron vloei al die Suid-Afrikaanse werklikhede deurmekaar wat gewoonlik so onheilspellend parallel verloop.

En keer 'n jaar op Darling klim baie wit en bruin mense saam in 'n minibustaxi en gaan woon klein huiskonserte by in die voorkamers van die dorp – die meeste daarvan in die township. Die atmosfeer is byna beklemmend intiem, terwyl die kunstenaars saam met die gehoor teruggeneem word in 'n tydmasjien.

Voordat ons gewoon geraak het daaraan om na spoke op televisie, radio en plaat te luister, het ons mos só musiek, stories en grappe gedeel.

As jy soos ek deelgeneem het aan die fees leer jy die mense ken wat hulle voorkamer as teater beskikbaar stel. En die Thomas-gesin en sy hond, Tessa, het 'n groter indruk gemaak op my as al die goeie kuns wat ek daardie naweek gesien het.

Op eie inisiatief sou ek nooit in Bloekomboomstraat afgedraai het na die Hophuis-deel van Darling waar oud en jonk dag en nag in stofstrate rondloop en kuier tussen ooglopende armoede, harde musiek en 'n groot geblaf nie. Ek sou nie voor Amandelboomsingel 725 se "Pasop vir die hond"-bordjie stilgehou en dit gewaag het om aan te klop nie; sou nooit vermoed het hoe 'n gawe dierasie die staffie-kruising Tessa eintlik is nie; sou nooit gehoor het hoe Joey, die vrou van die huis, my in aardse Namakwaland-Afrikaans verseker dat Tessa eintlik net met ander honde kwaai is; sou nooit vir klein Keisha, haar 13-jarige dogter, ontmoet het op die middag dat sy haar nuwe, pers rok aangetrek het vir die aand se modeparade nie; sou nooit vermoed het Joey, wat nou as huishulp in Yzerfontein werk, het grootgeword op dieselfde plaas as die teaterman Marthinus Basson nie; sou nooit hul buurman se lekker gebraaide geelstert geproe het nie.

Maar só het ek drie dae lank



Clive en Keisha Thomas saam met hul hond, Tessa, en twee buurkinders by die Thomas-huis in Darling. Foto's: DANIE MARAIS



Die voorkamer.

tussen poësievoorlesings deur met Clive en Joey Thomas gesels in die voorkamer wat my so baie herinner het aan die plek waar my ouma Max se vertroueling-huishulp Lea Andrews in Wesbank, Malmesbury, gaan aftree het – die huis waar ou Lea die daggarokers so uit haar trotse tuintjie verjaag het. Ook die Thomas-gesin het een van die netjiesste huise in die straat en op die pleisterwerk in sy voorportaal is Clive duidelik trots.

Hy het my in daardie voorkamer vol trou- en kinderfoto's en die geraamde sertifikaat van sy pastoor kwalifikasie vertel hoe hy amper as jong man 'n 26-bendelid

In Darling was ek verleë oor my middelklasprobleme; het ek weer besef die kuns en kultuur van verbete oorlewing neem die meeste Suid-Afrikaners se lewe geheel en al in beslag.

geword het. Hy het "tot inkeer gekom" toe Joey hom 'n pamflet gewys het van die hel en hy eendag op die trein na Vishoek deur 'n eks-bendelid en -gevangene be-arbeid is.

Sedertdien verkondig hy ook Die Woord aan jong *gangsters* op die trein. Hy vertel van 'n outjie wat saam met 'n groep opgeklim het wat van plan was om die wa te beroof. Clive het die bende aangetree en op die volgende stasie het daardie een jong man al huilende saam met hom afgeklim en sy hart vir die Here gegee.

Maar Clive is bekommerd oor sy eie oudste seun. Daar kom woorde uit sy mond waarvan hy nie hou nie. Clive is drie jaar gelede deur Johnson & Johnson afgeleë en elke keer voordat ek aan 'n nuwe groep voorlees, vra hy ek moet asseblief net vir die gehoor sê hy kan enige opknapperwerk doen en hy gee nie om om te ry nie.

Die Thomas-voorportaal in Darling bly my by soos die eerste strofe van Ronelda S. Kamfer se gedig "Waar ek staan":

Nou sit ek om 'n tafel met my voorvaders se vyande Ek knik en groet bedagsaam maar èrens diep binne my weet ek waar ek staan

Maar diep binne weet ek nie meer waar ek staan of wie "ons" is nie. Ek weet wel in Darling was ek verleë oor my middelklasprobleme; het ek weer besef die kuns en kultuur van verbete oorlewing neem die meeste Suid-Afrikaners se lewe geheel en al in beslag. Charles Bukowski was reg: "Die wêreld het loodgieters meer nodig as digters."

En as jy na 'n nutsman soek iers in die Darling-kontrei, bel Joey by 078 414 6630. Clive se foon het geval en dié werk nie lekker nie.

10 vrae

CHRIS VILJOEN, modedirekteur van die aanlyn modewinkel Spree.co.za, praat met **Samantha van den Berg** oor die jongste somermodes, die "lelike skoen" en die nuwe Spree-boetiek.

Na watter trends kan vroue hierdie somer uitsien?

Die wêreld is in soveel chaos, in die somer is dit tyd vir positiwiteit. So, alles wat jou opbeur: blomme, *prints* en kleur is hoogmode. Dis tyd om 'n bietjie pret te hê met jou klerekas. Vul dit met rokke beklee in blomme en elke kleur onder die son.

En mans?

Ons sien baie van dieselfde as by vroue, maar met 'n manlike gevoel. Blomme en grafiese lyne speel 'n groot rol omdat ontwerpers hierdie seisoen baie na die kunstewêreld gekyk het vir inspirasie.

Die Birkenstock ("lelike skoen") is hoogmode hierdie somer – hoe moet ons hom dra?

Die skares juig daarbuite wanneer enigiemand van gemaklike skoene praat in die modebedryf. En hierdie seisoen dra jy jou *sliders* saam met alles, van hoogmode-minirompie tot by jou gemaklikste broek.

Hoe kan jy die jongste trends op 'n begroting volg?

Deur seker te maak dat jy jou geld op die regte plekke bestee. Belê in items van hoë gehalte wat jy met die res van jou klerekas kan meng.

Wat is jou "fashion motto"?

Om nie 'n *fashion motto* te hê nie. Ek koop waarvan ek hou. Mode gaan nie oor reëls en regulasies nie, dit gaan oor wat goed voel.

Beskryf jou eie styl en klerekas?

Ek het altyd minimalistiese intensies, maar die uitkoms is gewoonlik die van 'n *maximalist*.

Watter items gaan jy die somer definitief vir jouself aanskaf?

Vir seker 'n paar wit Birkenstocks.

Wat moet ons die somer liefs vermy?

By Spree vermy ons modereëls. Jy moet doen wat vir jou werk.

Julle het pas die nuwe Spree-boetiek bekend gestel – wat behels dit? Die Spree-boetiek maak dit moontlik dat vroue oor die hele land nou ontwerpersklere kan aanskaf wat eens net op die loopplanke beskikbaar was.

Ons mode- en aankoopspanne het talle modeweke bygewoon om ontwerpers te vind wat 'n sekere "magic" het;

van lojale aanhangers en suksesvolle loopbane tot 'n nuwe en vars manier om kleur en vorms aan te pak.

Wat is jul droom vir Spree?

Om die voorste aanlyn leefstylwinkel en voorkeur-bestemming te wees wanneer jy op soek is na daardie iets spesiaals; of dit nou vir vroue, mans of kinders, dekor of 'n geskenk vir iemand is.

● Spree is 'n produk van Media24

Chris Viljoen

